

Lêerno.: 3/1/3/1
Verwysing: 20240313-2443

Omsendbrief: 0008/2024
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofonderwyskundiges, Kringbestuurders, Prinsipale van openbare skole en Lede van beheerliggame

Kort opsomming: *Toeligting oor Omsendbrief 0034/2023 wat betrekking het op vakante poste.*

Onderwerp: Toeligting oor Omsendbrief 0034/2023

1. Die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) wil graag 'n aantal kwessies wat tydens samesprekings tussen die Hoof van Onderwys, lede van beheerliggaamverenigings en vakbonde geopper is oor paragraaf 3.4 van Omsendbrief 0034/2023, gedateer 21 November 2023, uitklaar.
2. **Voorsiening van poste vir plaasvervangers**
 - 2.1 Voorsiening sal gemaak word vir poste vir plaasvervangers in die volgende kategorieë:
 - (a) Aansoeke om kraamverlof.
 - (b) Werknemers met langtermyn-ongeskiktheidsverlof wat 30 dae en meer oorskry (bykomend tot paragraaf 3.5(a), soos gekommunikeer in Omsendbrief 0034/2023).
 - 2.2 Poste vir plaasvervangers wat voor 01 April 2024 goedgekeur is vir werknemers wat op langtermyn-ongeskiktheidsverlof is, sal gestand gedoen word totdat die werknemer op langtermyn-ongeskiktheidsverlof terugkeer werk toe. Geen poste vir plaasvervangers sal met ingang van 01 April 2024 aan skole toegeken word nie, behalwe vir die twee kategorieë soos in paragraaf 2.1 genoem.

3. Enige posvlak 1-poste wat nie teen 31 Maart 2024 deur middel van die omskakelingsproses gevul word nie, kan slegs gevul word deur 'n formele werwings- en keuringsproses te volg.

3.1 Verlenging van kontrakte

3.1.1 Tydens samesprekings tussen die Hoof van Onderwys, lede van beheerliggaamverenigings, vakbonde en distriksamptenare, is dit duidelik gemaak dat 'n nominasie vir 'n kontrakpos met 'n einddatum ná 31 Maart 2024 gemaak kan word vir enige vakature wat tussen 01 Januarie 2024 en 31 Maart 2024 ontstaan. Sommige nominasies wat teen vakante substantiewe poste ontvang is, is slegs tot 31 Maart 2024 aangevra. In ooreenstemming met die leiding wat in 2023 gebied is, is 'n besluit gemaak om die kontrakte van opvoeders wat in vakante substantiewe poste aangestel is tot 31 Desember 2024 te verleng.

3.1.2 Werknemers in kontrakposte wat 'n kwalifikasie met 'n Relatiewe Onderwyskwalifikasiewaarde 10 tot 12 (ROKW 10 tot 12) het en wat hul kwalifikasies vir evaluering moes indien en nagelaat het om dit te doen, se diens sal op 31 Maart 2024 beëindig word. Verwys asseblief na Omsendbrief 0033/2022, gedateer 19 September 2022 wat op hierdie spesifieke situasies van toepassing is.

3.1.3 Die WKOD sal voortgaan in sy strewe om gekwalifiseerde opvoeders wat in kontrakposte aangestel is, in permanente poste aan te stel deur die poste om te skakel. Prinsipale word hiermee versoek om nominasies in te dien vir die omskakeling van kontrakposte in permanente poste vir opvoeders wie se kontrakte tot 31 Desember 2024 verleng is.

3.2 Vulling van vakante poste met ingang van 1 April 2024

3.2.1 Die WKOD het in ag geneem dat skole en beheerliggame voldoende moet beplan vir 2024; daar is dus voorsiening gemaak vir 'n kennistydperk van een kwartaal, wat die hoofrede is vir die aanvangsdatum van 01 April 2024.

3.2.2 In Omsendbrief 0034/2023 is gemeld dat spesiale vakaturelyste beskikbaar gestel sal word, maar ten spyte hiervan is baie min posvlak 1-poste in Vakaturelys 1 van 2024 geadverteer. Skole word dringend versoek om advertensies op die e-Werwingstelsel te registreer.

3.2.3 Benewens die drie vakaturelyste vir 2024, sal vakaturelyste uitgereik word waar 'n behoefte daarna ontstaan. Poste sal gevul word indien die prosesse dringende aandag van die beheerliggame geniet. Hoofkantoor is gereed vir die vul van poste wat in die vakaturelyste gelys word.

3.2.4 Let asseblief daarop dat die e-Werwingstelsel optimaal funksioneer. Skole moet aan die werwings- en keuringsprosesse voldoen en verseker dat volledige stelle nominasiedokumente vir verwerking opgelaaai word.

4. **Posvlak 1-poste sal nie voorsien word in gevalle waar waarnemende aanstellings in vakante substantiewe skoolbestuurspan-poste gemaak word nie, met die uitsondering van prinsipaalsposte.**

4.1 Hierdie bepaling sal in plek bly.

4.2 Die betaling van toelaes aan werknemers wat in poste waarneem, sal voortgaan, soos gekommunikeer in die samesprekings met beheerliggaamverenigings, vakbonde en distriksampnare.

5. **Die vul van alle kantoorbaseerde staatsdiensposte (Hoofkantoor en distrikskantore), sal gevries word en slegs kritieke poste sal ná goedkeuring geaktiveer word.**

Die status met betrekking tot die vul van kantoorbaseerde staatsdiens poste alleenlik (Hoofkantoor en distrikskantore) bly in plek.

6. **Herberekening van die onderwysdiensstaat as gevolg van 'n verandering in leerderinskrywings in 2024**

6.1 Die bogenoemde is nie 'n nuwe bepaling nie en spruit voort uit die bepalings vervat in artikel 8.6 van die Personeeladministrasiemaatreëls wat in *Staatskoerant* No. 46879 van 09 September 2022 gepubliseer is.

6.2 Waar veranderinge genoodsaak word met betrekking tot die toewysing van poste, sal die WKOD nie 'n eensydige proses volg nie, maar 'n raadgewende proses waar die impak daarvan tydens 'n deeglike beoordelingsproses bepaal sal word.

7. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle opvoeders en lede van beheerliggame.

GETEKEN: B WALTERS

HOOF: ONDERWYS

DATUM: 2024-03-15